Parkieland
H/V Anderson - en
Thomas Edisonstraat
Menlopark 0081
Tel: 012 460 1976
Faks: 012 460 1976
parkieland@menlolaer.co.za
www.parkieland.co.za

12 Oktober 2022
Nuusbrief No 34

Liewe Ouers,
Baie welkom terug na die vakansie-tjie-tjie! Hoe sê die groter kinders altyd? "Dit was kort, maar LEKKER!"

Ons glo en vertrou dat elkeen gereed is om hierdie kwartaal met durf en daad aan te pak en die jaar op 'n hoë noot af te sluit. Die personeel is slaggereed en opgewonde oor wat die kwartaal inhou. Dit gaan 'n afrondingskwartaal wees waar ons die kinders gereed kry vir hul klassies van volgende jaar.

U kan solank die oggend van 19 November oophou vir ons en die Gr R sentrum se kuierdag, waar die kinders by hulle nuwe klassies gaan kuier. Ons sal nog formele uitnodigings uitstuur.

Kwartaalbeplanners:

- Ons stuur saam met die Nuusbrief vir u die beplanners uit sodat u uself kan vergewis van ons temas en aktiwiteite.

Jaarlikse Foto's:

- U ontvang vandag voorin u kind se tas sy/haar fotokoevert met voorbeeldfoto's.
- Ons is baie opgewonde oor die pragtige foto's.
- Bestellings is nie verpligtend nie, **MAAR** sou u wel 'n bestelling plaas, móét u asseblief die ingeslote koevert en bestelvorm gebruik wat u ontvang het.
- Verlore koeverte word slegs vervang teen 'n administrasiefooi wat die fotograaf hef.
- **Geen kontantbestellings nie, asseblief. U plaas u bewys van betaling in die koevert en handig dit asseblief by die klasonderwyseres in.**
- **Alle bestellings moet asseblief teen Dinsdag 18 Oktober 2022 ingehandig wees.**

"Petting Zoo" Instappie: Vrydag 28 Oktober 2022:

- Al ons kinders neem aan hierdie besoek deel en dit beloof om 'n heerlike interaktiewe besoek van plaasdiertjies te wees.
- Betaal asseblief R45 per EFT of d6 en dien die betalingsbewys by die klasonderwyseresse in teen 25 Oktober.
- Onthou om u familiekode asook die projekkode as verwysing te gebruik. Projekkode P767.
- Trek asseblief jou Parkielandhempie aan en wys vir al die diertjies jy is 'n trotse Parkie!

VIA-opname: 19 Oktober 2022: Gr 00 kinders

- VIA het die Laerskool genader om 'n opname te maak en deel te neem aan 'n uitsending van UITBLINKERS wat dan op DSTV uitgesaai gaan word.
- Hulle vra dat die Gr 00 kleuters ook hieraan sal deelneem in die vorm van 'n enkele (musiek)item wat aan die begin van die opname sal geskied.
- Die Laerskool-ouers gaan kaartjies koop vir die geleentheid en toeskouers wees tydens die opname.
- Dit is 'n aandfunksie en die kleuters gaan hulle optrede op die verhoog in die saal hou, en daarna saam met u huis toe vertrek.
- U moet asseblief die toestemmingsbriefie invul wat aandui dat u kind deel van die opname mag wees.
- U kind is nie verplig om hieraan deel te neem nie, maar uiteraard moet u besef dat die kinders wat aan die optrede deelneem, op die uitsending mag verskyn en daarom moet u toestemming daartoe verleen.
- **Ons sal ook aanbeveel dat kinders wat vinnig onseker raak en vir wie 'n item op die verhoog en 'n saal vol mense 'n onaangename ervaring gaan wees, eerder nie hieraan sal deelneem nie. Dis nie die moeite werd om 'n kind bloot te stel aan so 'n groot ervaring wanneer hulle emosioneel nie daarvoor gereed is nie.**
- **Slegs kinders wie se briefies hierdie Donderdag oggend ingedien is, gaan hieraan kan deelneem. Ons moet die liedjie met die kinders inoefen en geen laat kennisgewings gaan aanvaar word nie. Ons glo u sal verstaan.**

Naskoolmaats:

- Alle Naskoolouers, sien asseblief die naskoolinsetsel hierby.

Gedagte vir die week:
"Moet nooit ophou om te leer nie, want die lewe hou nooit op om te onderrig nie."

Vriendelike Parkie-groete,

RIEKIE VAN EEDEN & PERSONEEL

♥PARKIES♥HET♥LEERGIERIGE♥HARTJIES♥

Ons sê baie dankie!

Liewe Ouers,

Ons het 'n behoeftebepaling gedoen om te sien waar ons dringende terreinverbeteringe nodig gehad het. Die Gr. 000 terrein het uitgestaan. Ons kon met die snoepiedag, asook die koekverkopings wat ons tot op hede gehou het, die volgende verbeterings aanbring:

*"Rubberizing" op die sementblad wat die grootste behoefte was, asook die grootste uitgawe, maar deur en deur die moeite werd!

* Twee nuwe sandputspeelgoedbokse, en twee nuwe sandputnette.

*Nuwe matrasslopies vir die Lammetjies en Kalfies, asook vir die Gr. 000 en Gr. 00 Naskoolklasse: 90 in totaal.

* 10 Nuwe fietsies vir die Kalfies en Lammetjies.

Ons bedank ons ouerkomitee en al die ouers wat gehelp het om vir ons fondse te genereer en hierdie verbeteringe moontlik gemaak het.

Die kinders gaan dit so vreeslik baie geniet! ♥

Parkieland
H/V Anderson - en
Thomas Edisonstraat
Menlopark 0081
Tel: 012 460 1976
Faks: 012 460 1976
parkieland@menlolaer.co.za
www.parkieland.co.za

12 Oktober 2022

Hiermee gee ek, _____ ouer/voog van _____

in die _____klas toestemming dat hy/sy aan die "Petting Zoo" besoek op

Vrydag 28 Oktober 2022 Projekkode P767 mag deelneem.

Ek heg die R45 bewys van EFT- of d6 betaling hierby aan.

_____
Handtekening van ouer

----------skeurstrokie----------

28 September 2022

Liewe Parkieland Ouers,

Op 19 Oktober kom Via 'n video-opname maak van ons skool vir hulle program: Uitblinkers.

Vir u kind om hieraan deel te neem, het ons u toestemming nodig. Vul asseblief die meegaande skeurstrokie in om toestemming te verleen.

HIERMEE VERLEEN EK, _____ OUER VAN _____

IN DIE _____ KLAS TOESTEMMING DAT HY/SY MAG DEELNEEM AAN DIE VIA-VIDEO-OPNAME OP 19 OKTOBER 2022 WAT PLAASVIND BY LAERSKOOL MENLOPARK. EK VERSTAAN DAT DIE OPNAME VAN UITBLINKERS OP DSTV UITGSAAI GAAN WORD.

_____ _____

HANDTEKENING VAN OUER DATUM